

SONDAG: 25

VRAAG EN ANTWOORD: 65

| | Teks | 1933/53-vertaling | 1983/91-vertaling |
|---|------|-------------------|---|
| 65 Vraag: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan? | | | |
| Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte | 1 | Johannes 3:5 | Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. |
| | | Efesiërs 2:8 | Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; |
| | | Efesiërs 6:23 | Vrede vir die broeders en liefde, met geloof, van God die Vader en die Here Jesus Christus! |
| | | 1 Korintiërs 2:12 | Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het. |
| | | 1 Korintiërs 12:3 | Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees. |
| | | Filippense 1:29 | omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly, |
| deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente. | 2 | Matteus 28:19 | Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. |
| | | Romeine 10:17 | Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God. |
| | | Efesiërs 1:17-18 | dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is; |

| | | | | |
|--|--|------------------|--|--|
| | | 1 Petrus 1:22-23 | As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart; want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. | Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê. Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God. |
|--|--|------------------|--|--|